AKADEMIA
STUDENTENUUSBRIEF



# MY AFRIKAANSE STUDIETUISTE

## BRIEF VANAF **STUDENTERAAD-VOORSITTER**

Elke nou bestaan uit bietjie gister. Elke môre het ŉ vandag nodig. Maar hier sit jy, Student, vasgevang tussen die twee, in ŉ vreemde wêreld wat ons "die hede" noem. Hoe jy deur vandag reis, is die sleutel tot ŉ goeie môre, en daardie beginsel sal jou deur eksamentyd dra.

Om sukses te behaal moet jy bereid wees om foute te maak, maar die geheim lê daarin om uit jou foute te leer en te sê: "Ek het ŉ fout begaan, maar ek het geleer daaruit". Moet nooit jouself laat sleg voel as jy nie na wense presteer het nie. Motiveer jouself en glo in jouself, wetend dat jy slegs vorentoe kan gaan wanneer jy vrede maak met die verlede. Dit is wat ons leer uit Winston Churchill se bekende woorde: "Sukses bestaan uit die beweging van mislukking tot mislukking, sonder verlies aan entoesiasme". Só moet jy dink aan die verlede. Só vat jy jou verlede foute en skakel hulle om in iets wat waardevol is.

Met jou verlede werklik agter jou, onthou: moet nooit more doen wat jy vandag kan doen nie. Uitstel is ŉ tydsdief. Dit gebeur so baie as jy ŉ lang tydperk het om aan ŉ taak te werk. Om iets uit te stel voel altyd in die oomblik beter, maar dit is soos hulle sê: van uitstel kom afstel. In die sakewêreld sal jy baie keer hoor dat tyd goud werd is. Deur goed te beplan en vandag se take af te handel sal jy nooit hoef te bekommer oor laat-inhandigings nie. Tyd is kosbaar; dit is die een ding wat jy nie kan koop nie.

Laastens is daar ŉ ou Chinese spreekwoord wat sê: "Leer is ŉ skat wat sy eienaar oral sal volg". Kennis is mag en dit is die mees waardevolle besitting in die hele wêreld. Dit is die enigste besitting wat niemand kan steel nie. En hierdie is die beloning wat aan die einde van jou studies vir jou wag – raak opgewonde! Laat dit jou aanmoedig om die hersieningstyd met ŉ hoopvolle gesindheid aan te pak. As jy aan die einde van die jaar kyk, en jy sien hoe ver jy gevorder het, kry jy weer moed om jou volgende akademiese jaar aan te pak en ŉ groot sukses daarvan te maak.



Hou hierdie beginsels in gedagte. Leer uit die mislukkings van jou verlede, sien uit na jou toekomstige beloning en doen in hierdie dag wat vandag gedoen moet word. As jy hierdie groter prentjie in gedagte hou, lyk die berg wat voor jou lê darem bietjie kleiner.

Studente van 2020, alle sterkte met die eindeksamen!

-

*Groete*
**Danie Greyling**

## STUDENTERAAD**NUUS** — TERUGFLITS NA PROJEKTE WAT VERBY IS



### **VROUEOGGEND 2020**: ŉ Kroon van vrouwees

Op die 26ste Augustus het Akademia, te midde die koronakrisis, volstoom voortgegaan met haar jaarlikse damesoggend. Die oggend was ŉ pragtige voorbeeld van vrouens wat mekaar opbou, en het bewys dat gemeenskap wen bo inperkings.

Lees meer

### VROUEMAANDWENKE

Damesstudente en damesdosente het deelgeneem aan die Vrouemaandwenke-reeks deur boodskappe van hoop en bemoediging te deel. Ons kan almal ŉ les leer van hierdie wonderlike Aka-dames: hou moed en bou mekaar op.

Lees meer



"Dit maak nie saak deur watter diep waters ons moet swem nie, solank ons onthou dat God altyd, maar altyd, ŉ plan en ŉ doel het met die hier en die nou waarin ons onsself bevind. Vir nou mag dit dalk voel of ons in die groot Atlantiese Oseaan swem en eintlik verdrink, maar God se reddingsboeie is geanker vir ons om aan vas te klou terwyl die storm woed. Ons sal nie vergaan nie, want Hy gee vir ons ŉ toekoms!"

Carla Schutte, *dosent in Projekbestuur*



"Vroue is van nature geskape met innerlike sterkte, saggeaardheid en skoonheid. Alhoewel ons soms mag broos wees, moet ons altyd onthou dat met harde werk, geloof en genade, is ons tot enige iets in staat."

Kendylle Mulder, *student in Hoër Sertifikaat in Rekeningkunde*



### TAALDAG 2020

Wat Akademia juis so lekker en uniek maak, is dat jy in jou moedertaal studeer. Die SR-lede het Taaldag gevier deur studente en mede-Afrikaanssprekendes aangemoedig om hulle taalvernuf te toets met ŉ kort speltoets, wat deur Akademia opgestel is.

Lees meer



### GHOLFKOMPETISIE

Te midde die internasionale pandemie weet Akademia-studente steeds hoe om pret te hê. Ten spyte van die nasionale vlak 2-inperkingsregulasies, het Akademia se jaarlikse gholfkompetisie steeds vanjaar die 13de September plaasgevind. As gholf vir jou ook soos Grieks voel, lees gerus hierdie brokkie oor gholf in Afrikaans.

Lees meer

## 'N BLIK OP **PROJEKTE WAT VOORLÊ**



### **MNR. & ME. AKADEMIA:** Fotokompetisie vir 2020

Vanjaar se Mnr. & Me. Akademia sal oor meer moet beskik as ŉ helder glimlag en ŉ glansende gelaat; die wenners sal ook gekroon word as Akademia se Gemeenskapsambassadeurs. Inskrywings open 14 September.

Skryf hier in



### SR-VERKIESING 2020/2021

Hou gerus die Spens dop vir die bekendstelling van die SR-lede vir 2021, wat tydens die eerste week van Oktober sal plaasvind. Wees ook vanaf 14 September op die uitkyk vir die opening van aansoeke vir die Studiesentrumkomitee (SK).

Lees meer




### ERFENISMAAND

SEPTEMBER 2020

Tydens 2020 is vele industrieë hard getref deur die Covid-19-pandemie; so ook erfenismonumente. Daarom het die Solidariteit Beweging die StaanSaam-veldtog geloods gedurende Septembermaand, oftewel Erfenismaand, maar hulle het jou hulp nodig. Volg die onderstaande skakel om te sien hoe jy betrokke kan raak.

KLIK HIER

## AKADEMIES

### 'N BEMOEDIGENDE BOODSKAP VANAF DIE AKADEMIESE HOOF

Beste studente

Soos in die verlede staan julle weer voor dáárdie tyd van die jaar: die eksamens! Hoe moet ons hierdie moeilike en selfs uitdagende tyd in die jaarkalender verstaan?

Lees meer



### LOOPBAANONTWIKKELING: *Flitsgids*

Dit is van kardinale belang dat studente sommer vanaf die eerste dag op kampus hulself vir die werksplek begin voorberei. Die Solidariteit Beweging bied hierdie vir studente in die vorm van Solidariteit Jeug, JeugPro en die splinternuwe Beroepsgildes.

VIND MEER UIT

## BEMARKINGS**NUUS**



### VIRTUELE KAMPUSOPEDAG

Akademia se virtuele kampusopedag het op Saterdag 29 Augustus plaasgevind. Hierdie opedag was ter bekendstelling van die studierigtings wat op Akademia se nuwe Centurion-kampus aangebied gaan word. Indien jy die inligtingsessie gemis het, het ons vir jou ŉ samevatting van die dag se gebeure.

Lees meer




### **VIRTUELE ONTMOETING:** Verdere studies

Oorweeg jy verdere studies na die voltooiing van jou kwalifikasie in 2020? Akademia hou ŉ #VirtueleOntmoeting op 29 September, wat eksklusief aangebied word vir diegene wat reeds ŉ kwalifikasie het en een van die volgende oorweeg:

- Gevorderde Diploma in Projekbestuur
- LLB
- Nagraadse diplomas in onderskeidelik Belasting en Bestuursrekeningkunde
- Nagraadse Onderwyssertifikaat (Senior Fase- en VOO-onderwys)

Bespreek jou plek hier

## DIE WINKEL: **PRODUK VAN DIE MAAND**







Akademia stel ŉ splinternuwe produk op Die Winkel bekend: ŉ stylvolle en gemaklike rug- skootrekenaarsak. Hierdie sak is ideaal vir elke dag se klasdraf- of werksvereistes.

Kry joune hier.

## AKADEMIA **UITGEWERY**




*"Hierdie boek is vir die eietydse filosofie, Middeleeuse filosofienavorsing en die Afrikaanse taal werklikwaar 'n wêreldgebeurtenis."*
**– Prof. Johann Rossouw (UV)**

Vir die filosofiestudente behoort dit nie nuus te wees dat Akademia haar eie uitgewery het nie. Ons wou meer uitvind oor hierdie opwindende Akademia-inisiatief en het vervolgens die voorreg om ŉ paar vrae aan die publikasiebeampte van Akademia Uitgewery, Gerdus Senekal, te stel.

Lees meer

## STUDENTE**VERBLYF**

### BESTE STUDENTE

Is jy opsoek na veilige, private verblyf op die Centurion-kampus?

KLIK HIER VIR MEER INLIGTING.

## ONTMOET ONS **REDAKSIESPAN**



**ABIA STANDER**
*(Redaktrise)*

"Ek het die sterre veels te lief gehad om die nag te vrees."- Galileo Galilei

Abia Stander is agtien jaar oud. Sy doen tans… Lees meer



**MAY-LI SWANEPOEL**
*(Adjunkredaktrise)*

"Jy kan nie uit ŉ leë beker skink nie." - Anon.


May-li Swanepoel is twintig jaar oud. Sy is tans besig met… Lees meer



**MARLENE DREYER**
*(Voltydse joernalis)*

"Die beste manier om vir ŉ lieflike oomblik te betaal, is om dit te geniet."
- Richard Bach

Marlene Dreyer werk nou aan ŉ Hoër… Lees meer



**THEUNIS VAN STADEN**
*(Vryskutjoernalis)*

"Ek het vir myself nederigheid aangeleer en daarop hoogmoedig geword."
- C.J. Langenhoven

Theunis van Staden is tans werksaam… Lees meer



**MARIZAAN KOEKEMOER**
*(Vryskutjoernalis)*

"Dat ons moet glo in liefde, musiek en moed."
- Danie du Toit

Marizaan Koekemoer het in 2019 haar Hoër… Lees meer